Boekmerk

Marlise Joubert

Vooraf

- Waarvoor gebruik mens 'n boekmerk(*bookmark*)?
- Hoekom hou mens gewoonlik 'n boekmerk lank?
- Het jy al ooit blomme gepars en 'n boekmerk daarvan gemaak?

Marlise Joubert

- Joubert is bekend as 'n Afrikaanse digter, skrywer en dramaturg; as skilder en vir haar werk op *Versindaba*. Sy is met die digter, Louis Esterhuizen, getroud.

- *Die kortverhaal* ***"Op die oewer tussen riet"*** het op 3 Januarie 2012 op *Ateljee* (Joubert se blog) verskyn. As mens dit lees, kan jy duidelik sien waar die gedig "Boekmerk" sy ontstaan het.

- Dis geskryf net na haar twee jaar as hoof van die Mediasentrum by die Laerskool Welgemoed. Dit kan dus afgelei word dat die kortverhaal en gedig op hierdie tyd as "laerskooljuffrou" geskoei is. Boekmerke is volop in biblioteke en sy het waarskynlik die leerders gekry om hul eies te maak, o.a. met geparste blomme.

© Vlymskerp 2017

Mossies

- **mossies** (*sparrows*): klein vaal voëltjies met klein, ronde wit of swart gesiggies wat in swerms wydverspreid oor Suid-Afrika voorkom. Die volgende uitdrukkings kom voor: **mossie maar man** – 'n persoon wat klein van postuur is, maar hom onderskei deur sy dapperheid, intelligensie, vasberadenheid, ens; **jou oor 'n dooie mossie**

- **Mossies in die Bybel:**

  Lukas 12:6-7:
  (6) "Word vyf mossies nie vir twee sent verkoop nie? Tog word nie een van hulle deur God vergeet nie.
  (7) Selfs die hare op julle kop is almal getel. Moenie bang wees nie. **Julle is meer werd as baie mossies**."

  In hierdie twee verse word aangedui dat selfs die kleinste, vaalste ou voëltjie soos die mossie vir die Here kosbaar is. Die mens is vir Hom nog soveel kosbaarder.

© Vlymskerp 2017

Strofe 1

kinders

Vergelyking. Die kinders het klein, ronde wangetjies soos die mossies se gesiggies.

met **wange soos mossies**

wat teen elke oggend *wrestle* **stoei**

Dis elke oggend 'n gestoei om die kinders uit die bed, aangetrek en gereed vir skool te kry.

hande altyd *moving wildly* **woerende** *wings* **vlerke**

elke lyfie 'n *busy sailing* **seilende** *hymn* **gesang** –

vlak bo die water *mirror* **spieël**

Die oppervlak van die water is so glad dat jy jouself daarin kan sien.

van 'n *stonefloor passage* **klipvloergang**

Inkeping

Die skool se gang so glad en blink jy kan jou weerspieëling daarin sien (soos by water).

© Vlymskerp 2017

Strofe 2

laerskoolonderwyseres

hardworking, eager, diligent
vlytig stort die druppels klank

oor **haar** uit totdat sy *surprised* **verbaas**

die *fragrance* **reuk** van bittersoet jasmyn

uit haar skooljare proe

waar sy ook kon *grumble about* **mor**

en *protest, moan* **protesteer**:

Sy hoor die kinders wat in die gange beweeg en gesels.

Dit herhinner haar aan haar eie skooljare.
Jasmyn het gewoonlik 'n lekker soet reuk. Die onderwyseres se skooldae was lekker, maar ook sleg ("bitter").

bittersoet (bitter-sweet): dit proe gelykertyd bitter en soet (letterlik;) dit was 'n ervaring wat tegelykertyd lekker en sleg was (figuurlik)

Hierna volg die dinge wat nie vir haar lekker was van skool nie.

© Vlymskerp 2017

Strofe 3

waarom is alles altyd ver

waarom is alles altyd hier

waarom moet ek leer

van **optel aftrek deel**
plus minus divide

van **dooie digters**
dead poets

uit die **toentertyd**
long ago

en watter land sit waar

en waarom draai die son

Vrae wat die kinders vra en wat die onderwyseres gevra het toe sy nog self op skool was.

Wiskunde

Tale

Geografie

Inkeping

© Vlymskerp 2017

Strofes 4 en 5

toe maak sy die die dag weer oor –

met elke *school bell* **skoolklok** werk sy

on behalf of **namens** mossiekind:

kom ons *press* **pars** die wind

met *cheeks* **wange** **soos** *small soldiers* **soldaatjies**

Inkeping

Vergelyking

Sy het gaan nadink oor haar skoolherinneringe en besluit sy wil nie net gewone skooldae vir die kinders gee nie, maar dae wat hulle vir altyd sal onthou en saam met hulle dra.

pars (*press*)**:** om gewig op iets te sit sodat dit plat is en droog word (mens kan druiwe, blomme en klere pars)

Sy wil die kinders se vryheid en sorgeloosheid vasvang.

© Vlymskerp 2017

Strofe 6

Die kinders moet net goeie herinneringe versamel.

totdat elkeen net die geur

van jasmyn kan **boekmerk**

misfortune
teen die **onheil** van ons

very long
ellelange reis

Inkeping

Die aangename herinneringe moet die kinders beskerm teen die onheil en teenspoed wat hulle op hul lewensreis sal ervaar.

boekmerk (*bookmark*): (selfstandige naamwoord – *noun*): bladwyser; strokie gemaak van karton, leer, ens. wat tussen die blaaie van 'n boek geplaas word om te wys waar die leser opgehou lees het (werkwoord – *verb*): Hierdie woord word nooit as 'n werkwoord gebruik nie, maar wel in die gedig. Hier beteken dit: om vir jou 'n aangename herinnering vas te lê wat vir jou 'n bladwyser op jou lewenspad kan wees

© Vlymskerp 2017

Bronnelys

- Alle foto's verkry vanaf die internet skakel na die oorspronk webwerf.

© Vlymskerp 2017